# JOHANNESBURG EAST DISTRICT

**DISTRIK-EKSAMEN**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**VRAESTEL 1**

**JUNIE 2014**

PUNTE: 80
TYD: 2 UUR

**Hierdie VRAESTEL bestaan uit 12 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | |
|---|---|
| AFDELING A: LEESBEGRIP | (30 PUNTE) |
| AFDELING B: OPSOMMING | (10 PUNTE) |
| AFDELING C: TAAL | (40 PUNTE) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek ’n lyn na elke Afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Gee spesiale aandag aan spelling en sinskonstruksies.

8. Voorgestelde tye:

   AFDELING A: 50 minute

   AFDELING B: 30 minute

   AFDELING C: 40 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A – LEESBEGRIP**

**VRAAG 1 - INTERNETARTIKEL**

- Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae.

**‘Observasie ’n fout’**



1. Oscar het nou al drie verwere:
2. Arnold Pistorius, Oscar se oom, lees ’n verklaring buite voor die hof ná die regter se besluit dat die atleet vir psigiatriese observasie moet gaan. “As familie het ons vertroue in die deeglikheid en besonderhede van dié besluit en regter (Thokozile) Masipa se professionaliteit om elke moontlikheid te gebruik om ’n regverdige verhoor te verseker. Dit bevestig weer ons vertroue in die Suid-Afrikaanse regstelsel,” het hy gesê.
3. Kernpunte in regter Thokozile Masipa se uitspraak:
4. Sy het gesê die staat het hulle saak duidelik genoeg gestel dat Pistorius vir psigiatriese waarneming moet gaan.
5. “Dit is duidelik dat (adv. Gerrie Nel) reg was toe hy gesê het die hof kan nie beluit of daar aan die vereiste moet voldoen word of nie.”
6. Volgens Masipa is daar aan die vereistes voldoen. “Die bewerings (dat Pistorius aan ’n angsversteuring ly en dat dit sy optrede kon beïnvloed) is behoorlik bewys.
7. Oscar Pistorius se regspan het te ver gaan toe hulle psigiatriese patologie deel van sy verweer gemaak het.
8. “Dit was ’n fout,” meen prof. James Grant, strafregkenner van die Universiteit van die Witwatersrand.
9. “Die verdediging het ’n grens oorgesteek toe hulle as deel van hul verweer op patologie staatgemaak het,” het Grant gesê. Dit het volgens Grant in drie stappe gebeur:
10. Eers het prof. Merryll Vorster, forensiese psigiater wat vir Pistorius getuig het, algemene angsversteuring by hom gediagnoseer.
11. Toe het sy gesê iemand met dié versteuring is ’n gevaar met ’n vuurwapen in die hand.
12. Derdens het sy gesê die versteuring kon veroorsaak het dat Pistorius op 14 Februarie verlede jaar nie volgens sy begrip van reg en verkeerd opgetree het nie.
13. As adv. Barry Roux, wat Pistorius se regspan lei, geweet het Vorster sou so ver gaan, sou hy haar waarskynlik nie laat getuig het nie, het Grant gesê.
14. “Ek kan nie vir ’n oomblik dink dat Roux besef het Vorster sou sê wat sy gesê het nie. Dit is nie in ooreenstemming met hul amptelike verweer nie.”
15. Volgens Grant het Pistorius nou drie verskillende verwere: Sy amptelike verweer van putatiewe noodweer, sy latere getuienis dat hy “per ongeluk” geskiet het en eintlik glad nie wou skiet nie en sy derde verweer dat ’n psigiatriese versteuring hom anders laat optree het.

16. **Wat behels die psigiatriese waarneming**?

17. Sielkundige waarneming is ’n intensiewe proses waarby ’n span van 20 mense betrokke is onder leiding van twee psigiaters en ’n sielkundige. Maatskaplike werkers, arbeidsterapeute, verpleegpersoneel en selfs kombuis- en ander personeel se waarnemings word neergeskryf.

18. Tussen formele evalueringsessies deur bring die pasiënt tyd in die saal tussen ander pasiënte deur. Die personeel hou sy doen en late dop om te sien of sy gedrag dieselfde bly.

19. “Jy wil alles van daardie pasiënt se geskiedenis weet. Jy fokus veral op die gebeure om die beweerde moord of misdaad,” het Hoffman gesê.

20. Die doel is om vas te stel of hy sy verhoor kan volg en of hy verantwoordelik gehou kan word vir die beweerde misdaad.

21. Dr. Franco Visser, ’n kliniese sielkundige wat onder meer die Sondag-verkragter geëvalueer het, het gesê as twee lede van die paneel nie met mekaar saamstem nie, kan die waarnemingstyd verleng word.

22. “Dis ’n veeleisende proses. Elke dag word dieselfde vrae gevra en uiteindelik moet een gesamentlike verslag vir die hof geskryf word,” het Visser gesê. “Die waarneming duur gewoonlik minstens 30 dae om te verseker die pasiënt hou nie ’n front voor nie. Iemand kan jou dalk tien dae lank flous, maar om dit 30 dae lank te doen, is moeilik.

23. “Vir Oscar se saak sal fisieke en sielkundige aspekte dopgehou word omdat albei moontlik ’n rol gespeel het in sy geestestoestand,” het Visser gesê.

*Verwerk uit: Beeld Digitaal 15 Mei 2014 en Rapport 17 Mei 2104*

1.1. Hoeveel verwere het Oscar nou al? (1)

1.2. Wat se Oscar se oom se naam? (1)

1.3. Wie is die regter in die Oscar Pistorius-verhoor? (1)

1.4. Kies die korrekte antwoord en skryf net die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD neer:
Die Pistorius-familei is (gellukkig / ongelukkig) met die regter se uitspraak dat hy vir observasie moet gaan. (1)

1.5. Is dit waar of onwaar dat regter Masipa gesê het advokaat Gerrie Nel was verkeerd om te sê die hof kan nie besluit of Oscar vir observasie moet gaan of nie. (1)

1.6. Kies die korrekte antwoord en skryf net die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD neer:
“Die bewerings is dat Pistorius aan ’n angsversteuring ly en dat dit sy (denke / gedrag) kan beïnvloed. (1)

1.7. Wat was die fout wat Oscar Pistorius se regspan gemaak het met betrekking tot sy verweer? (1)

1.8. Wat is professor Merryll Vorster se beroep? (1)

1.9. Wat se tipe wapen behoort nie hanteer te word deur iemand wat aan angsversteurings ly nie? (1)

1.10. Wat het professor Merryll Vorster gesê kon die angsversteuring op 14 Februarie 2013 veroorsaak het? Gee TWEE feite. (2)

1.11. Wat sou advokaat Barry Roux moontlik gedoen het as hy geweet het Vorster sou so ver gegaan het oor Oscar se psigologiese toestand? (1)

1.12. Wat was Pistorius se TWEEDE verweer? (1)

1.13. Hoeveel mense is betrokke by die proses van 'n sielkundige waarneming? (1)

1.14. Hoeveel mense is in beheer van die span? (1)

1.15. Hoekom dink jy word selfs kombuis- en ander personeel se waarnemings neergeskryf? (1)

1.16. Wat doen die pasiënt tussen formele evalueringsessies? (1)

1.17. Hoekom hou die personeel die pasiënt die heeltyd dop? (1)

1.18. Wat is die doel van so psigiatriese waarneming. Gee TWEE feite. (2)

1.19. Wat gebeur as twee lede van die paneel nie met mekaar saamstem nie? (1)

1.20. Hoekom duur die waarneming gewoonlik 30 dae? (1)

1.21. Hoekom dink jy kan iemand jou dalk vir 10 dae lank flous, maar nie vir 30 dae nie? (2)

**[24]**

**EN**

## AFDELING A – KYK- en LEESBEGRIP

Lees die volgende strokiesprent versigtig deur en beantwoord die vrae.

**Raampie 1**




**Andries Marie**

**Raampie 2**




**Andries Marie**

**Raampie 3**




**Andries Marie**

1.22. Waarvoor is Andries bang? (1)

1.23. Wat sê Marie sal die stres verlig? (1)

1.24. Haal een woord aan wat sê dat Marie nie seker is of hardloop beter sal wees as om te loop om die stres te verlig nie. (1)

1.25. Wat doen Andries in Raampie 3 wat Marie heeltemal onkant vang? Gee TWEE feite. (2)

1.26. Wat doen jy om stres oor 'n toets of 'n eksamen te verlig? (1)

**AFDELING A TOTAAL – 30**

**EN**

**AFDELING B – OPSOMMING**

**VRAAG 2.**

INSTRUKSIES

- Hier is wenke wat jou kan help voor die eksamen.
- Soms die SEWE feite oor wat jy kan doen voor die eksamen puntgewys op.
- Jou opsomming mag nie meer as 70 woorde wees nie.
- Skryf die getal woorde aan die einde van die opsomming.

## Wenke vir matrieks: Doen dít voor die eksamen

Matrikulante landwyd doen hul laaste voorbereidings vir die eindeksamen. Volg hierdie wenke om te verseker jou eksamenvoorbereiding verloop seepglad:

- Stel ’n studierooster op wat jou klasse, huistakies en sosiale afsprake in ag neem en hou daarby. Knyp genoeg tyd af vir slaap en moet nie net ná etes weer begin studeer nie; rus eers ’n halfuur lank nadat jy geëet het.

- Dink aan maniere om jouself te motiveer, deur byvoorbeeld jouself te beloon met ’n Facebook-sessie ná jy ’n afdeling voltooi het of dat jy gou vir ‘n vriend of twee sms’e kan stuur en beantwoord - onthou om jou selfoon af te sit terwyl jy studeer.

- Besluit waar jy gaan studeer. As jy nie ’n stil, privaat plek het waar jy tuis kan studeer nie, reël met ’n vriend(in) om by sy/haar huis saam te studeer of gaan biblioteek toe.

- Oefen sodat jy stres kan verlig – selfs al loop jy net om die blok of na die bure se huis toe. Dit sal jou ook help om beter te slaap.

- Som jou werk op en onderstreep belangrike woorde en idees in kleur sodat dit uitstaan wanneer jy hersien. Niks is meer frustrerend om die berge werk te sien en om deur alles te gaan voor ‘n eksamen nie.

- Liasseer jou notas in ’n lêer en gebruik gekleurde karton om die verskillende leerareas te onderskei.

- ’n Uitstekende manier om te studeer is om die werk aan ’n vriend of vriendin te verduidelik. Sodoende hoor jy weer die werk en kan jou vriend of vriendin jou reghelp as jy iets verkeerd het.

*Shané Barnard – Bron: Huisgenoot, 30 Oktober 2008*

**AFDELING B TOTAAL : 10**

**EN**

**AFDELING C – TAAL**

**VRAAG 3 – WOORSTRUKTURE**

Die taalvrae wat volg, is op die volgende advertensie gebaseer.

# *Uitskieters in die onderwys*

Verlede jaar het ons die toekoms van 12 skole vir altyd verander. Ons het die helde onder ons land se onderwysers en hul gelukkige skole beloon met iPadlaboratoriums, handboeke en opleiding wat die gehalte van hul opvoeding help verbeter het. Nou gaan ons dit weer doen. As jy weet van iemand wat daagliks ’n verskil maak in die lewe van leerders, wil ons daarvan weet.



**Wat opvoeders kan wen**

- ’n Laboratorium met 20 *iPad* Mini’s en hul omhulsels, *Wi-Fi*-funksionaliteit en ’n 16 MG-geheue; ’n *MacBook Air*-skootrekenaar met oorfone, ’n projektor en ’n *iTunes*-begroting.
- ’n iPad van *iSchoolAfrica* vir die onderwyser om in die klas en tuis te gebruik.
- Opleiding geborg deur *iSchoolAfrica* vir onderwysers oor hoe om die *iPads* te gebruik.
- Skole en onderwysers word deel van die *iSchool-Africa iPad*-gemeenskap sowel as die *Oxford Focus*-skoolprojek.
- Nuwe handboeke, leesboeke, studiegidse en woordeboeke word ná ’n assessering deur *Oxford University Press* verskaf.

iSchoolAfrica iPad learning programme
OXFORD UNIVERSITY PRESS SOUTHERN AFRICA
HUIS genoot YOU DRUM

**Hoe om ’n opvoeder te benoem**

- Enigiemand mag ’n onderwyser benoem. Die onderwyser of opvoeder (skoolhoofde kwalifiseer) mag van ’n hoër-, laer-, spesiale, privaat of openbare skool wees.
- Sê in 300 woorde, met duidelike voorbeelde, waarom die onderwyser verdien om te wen en iPads vir sy of haar skool moet kry.
- E-pos die benoeming na Shane.Barnard@huisgenoot.co.za, pos dit na Huisgenoot-Kopskuif-onnies, Posbus 6492, Roggebaai 8012 of faks dit na 021-406-2937.
- 1ste ronde: Inskrywings sluit 30 Junie 2014.

*Deur Huisgenoot Digitaal op 24 April, 2014*

3.1. Skryf die getal van die vetgedrukte, onderstreepte woord. (1)
Verlede jaar het ons die toekoms van **<u>12</u>** skole vir altyd verander.

3.2. Skryf die intensiewe vorm van die vetgedrukte, onderstreepte woord. (1)
Ons het die helde onder ons land se onderwysers en hul **<u>gelukkige</u>** skole beloon.

3.3. Gee een woord vir die twee vetgedrukte, onderstreepte woorde. (1)
Dit moet 'n onderwyser wees wat 'n verskil maak in die **<u>lewe + ideaal</u>** van leerders.

3.4. Skryf die meervoud vir die vetgedrukte, onderstreepte woord. (1)
Opvoeders kan 'n **<u>laboratorium</u>** met 20 iPad Mini's wen.

3.5. Skryf die afkorting van die vetgedrukte, onderstreepte woord. (1)
**<u>Opleiding</u>** geborg deur *iSchoolAfrica* vir onderwysers oor hoe om die *iPads* te gebruik.

3.6. Skryf die korrekte vorm van die vetgedrukte, onderstreepte woord. (1)
Skole en onderwysers word deel van die **<u>uniek</u>** *iSchool-Africa iPad*-gemeenskap

3.7. Gee die oortreffende trap van die vetgedrukte, onderstreepte woord. (1)
**<u>Nuwe</u>** handboeke, leesboeke, studiegidse en woordeboeke word verskaf.

3.8. Gee 'n sinoniem vir die vetgedrukte, onderstreepte woord. (1)
Hoe om 'n opvoeder te **<u>benoem</u>**

3.9. Skryf die verkleiningsvorm vir die vetgedrukte, onderstreepte woord
Enige iemand mag 'n **<u>onderwyser</u>** benoem

3.10. Gee 'n antoniem vir die vetgedrukte, onderstreepte woord. (1)
Sê in 300 woorde, met **<u>duidelike</u>** voorbeelde, waarom die onderwyser moet wen.

**VRAAG 4 – SINSTRUKTURE**




| Raampie 1 | Raampie 2 | Raampie 3 | Raampie 4 |
|---|---|---|---|
| Piet Vusi | Piet Vusi | Piet Vusi | Piet Vusi |

4.1. Skryf die volgende sin oor in die indirekte rede. (2)
Die aankondiger sê: Spanje is die nuwe wêreldkampioene in sokker."

4.2. Herskryf die sin met die voegwoord in hakies. (1)
Piet en Vusi moet weer begin werk want die wêreldbeker is verby. (daarom)
Begin so: Die wêreldbeker …

4.3. Herskryf die sin en begin die sin met die woord in hakies. (1)
Piet en Vusi begin weer huise beroof. (Môre)

4.4. Skryf die volgende sin in die passiewe / lydende vorm. (1)
Piet en Vusi beroof elke dag 'n ander huis.

4.5. Skryf die volgende sin oor in die verlede tyd. (1)
Vusi vat per ongeluk die vuvuzela saam.

4.6. Herskryf die volgende sin in die indirekte rede. (2)
Piet vra vir Vusi: "Hoekom vat jy die vuvuzela saam?"

4.7. Beantwoord die vraag hieronder in die negatief / ontkennende vorm. (1)
Is Vusi en Piet eerlike, hardewerkende mans?

4.8. Skryf die volgende sin oor in die aktiewe / bedrywende vorm. (1)
Die wêreldbeker is deur Vusi en Piet gekyk.

**VRAAG 5 – KRITIESE TAALBEWUSTHEID**

**<u>Gewigsverlies begin deur middel van die horlosie, nie die skaal nie</u>**




1. Gewigsverlies gaan blykbaar nie meer oor wat jy eet nie, maar eerder oor wanneer jy eet. Met nuwe navorsing deur die dieetmaatskappy *Forza Supplements* is be vind watter tye van die dag die beste tyd is om te eet as jy van ongewenste kilo's wil ontslae raak.
2. Navorsers het 1 000 verslankers gevra wanneer hulle eet, en het die doeltreffendheid van hul gewisgsverlies met hul etenstye vergelyk.
3. Volgens die studie kraai die ou mantra steeds koning: Jy moet ontbyt eet soos 'n koning, middagete soos die werkersklas en aandete soos 'n hawelose.
4. 'n Groot ontbyt is uiters doeltreffend vir gewigsverlies, spesifiek as jy om 7:11 jou ontbyt eet.
5. Wanneer moet jy dan eet?
6. Middagete moet liefs vroeër geëet word, met 12:38 wat aangewys is as die ideale tyd.
7. Om saans later as seweuur te eet is ook nie goed vir jou middel nie omdat jy saans die minste aktief is; daarom behoort jy 'n kleiner aandete te eet. Presies 6:14 is aangewys as die beste tyd om aandete te geniet.
8. Daar is ook in die studie bevind dat maaltye oorslaan gewigsverlies belemmer, en dat die meeste mense hul voorneme om gesond te eet tussen sesuur en tienuur saans oortree.

*Mieke Vlok in Huisgenoot Digitaal van 7 April, 2014: Bron: Daily Mail*

5.1.1. Identifiseer die hoofsin in die volgende saamgestelde sin en skryf dit neer. (1)

Gewigsverlies gaan blykbaar nie meer oor wat jy eet nie, maar eerder oor wanneer jy eet.

5.1.2. Identifiseer die bysin in die volgende saamgestelde sin en skryf dit neer. (1)

Nuwe navorsing wys watter tye van die dag jy moet eet as jy van ongewenste kilo's wil ontslae raak.

5.1.3. Pas Kolom A by Kolom B. Skryf net die VRAAGNOMMER en die LETTER neer. (3)

| Kolom A | | Kolom B | |
|---|---|---|---|
| 5.1.3.1. | Afleiding | A | maaltye |
| 5.1.3.2. | Samestelling | B | mense |
| 5.1.3.3. | Sametsellende Afleiding | C | dieetmaatskappy |

5.1.4. Identifiseer die byvoeglike bepaling in die volgende sin: (1)

Navorsers het 1 000 verslankers wat oor 'n wye spektrum gekies was, gevra wanneer hulle eet.

5.1.5. Identifiseer die bywoordelike bepaling in die volgende sin: (1)

Volgens die studie kraai die ou mantra steeds koning van hoe jy wat moet eet.

5.1.6. Kies die korrekte antwoord en skryf net die VRAAGNOMMER en die LETTER neer. (1)

In die titel word die woord "middel"…

a. denotief gebruik omdat dit verwys na 'n manier hoe iets bereik word.
b. konnotief gebruik omdat dit verwys na 'n manier hoe iets bereik word.
c. denotief gebruik omdat dit verwys na die maaggedeelte van 'n persoon.
d. konnotief gebruik omdat dit verwys na die maaggedeelte van 'n persoon.

5.1.7. Kies die korrekte antwoord en skryf net die VRAAGNOMMER en die LETTER neer. (1)

In paragraaf 6 word die woord "middel"…

a. denotief gebruik omdat dit verwys na 'n manier hoe iets bereik word.
b. konnotief gebruik omdat dit verwys na 'n manier hoe iets bereik word.
c. denotief gebruik omdat dit verwys na die maaggedeelte van 'n persoon.
d. konnotief gebruik omdat dit verwys na die maaggedeelte van 'n persoon

5.1.8. Identifiseer die tipe sin wat hier onder geskryf is: (1)

Wanneer moet jy dan eet?

5.1.9. Identifiseer die tipe sin wat hier onder geskryf is: (1)

Middagete moet liefs vroeër geëet word.

5.1.10. Wat dink jy is die skrywer se standpunt oor die artikel? (1)

5.1.11. Wat is jou standpunt oor die artikel? (1)

5.1.12. Kies die korrekte antwoord: Die geimpliseerde betekenis van die leesstuk is dat mense wat oorgewig is die (regte / verkeerde) metodes volg om gewig te verloor. (1)




5.2.1. Wat is die boodskap wat die ontwerper van die sporprent wil oorbring? (1)

5.2.2. Hoe word die boodskap oorgedra? Noem een. (1)

5.2.3. Pas Kolom A by Kolom B: (4)

| Kolom A | | Kolom B | |
|---|---|---|---|
| 5.2.3.1. | Die spotprent is ‘n goeie voorbeeld van gevoelstaal. | A | Kitskos is ongesond en mense moet meer gesonde kos begin eet. |
| 5.2.3.2. | Die spotprent is ‘n goeie voorbeeld van vooroordeel. | B | Die skrywer wil hê die leser moet seker emosies ervaar. |
| 5.2.3.3. | Die geïmpliseerde betekenis van die spotprent. | C | Kitskos is ongesond en kan veroorsaak dat jy oorgewig raak. |
| 5.2.3.4. | Aannames en die impak van die spotprent. | D | Die duif sê vir sy vriend dat dit kitskos is wat hom oorgewig gemaak het. |

**AFDELING C TOTAAL : 40**
**GROOTTOTAAL : 80**